

Enid Blyton Stories



Hulle Glo nie in
Feetjies nie



Lank, Lank Gelede

was daar nege klein feetjies wat in 'n klein sampioen huisie op die rand van Cuckoo Woud gewoon het. Dit was 'n pragtige huis en die huisie het die feetjies goed gepas.



Maar eendag het 'n uiters irriterende ding gebeur - 'n boer het daardie kant toe gegaan, hy het 'n groot sampioen gesien en het dit gepluk! Hy het dit in sy jas se sak gesit, met feetjies en alles daarin - al het hy natuurlik nie geweet dat hulle daar in was nie.



Die feetjies het 'n verskriklike skok gehad. Hulle het by die deur van die sampioen huis uit gedruk en hulself in 'n donker sak gevind.



Hulle het hul pad na die opening van die sak gevind en uit geloer.



Hulle het in 'n hand om gekeer en hul spinnerak vlerke gesprei en grond toe gevlieg.

"My goeiste! " het Goldie-wings gesê," dit was 'n noue ontkoming!"

"Ons het ons lieflike huis verloor! " het Gossamer gesê en het begin huil.

"Dit gaan gaar gemaak word," het Tippytoe gesê.

"Maak nie saak nie," het Twinkles gesê. "Ons sal 'n nuwe huis kry."

"Maar ons het nou geen meubels nie," het Tiptap gesê.



Hulle het oor die lande gevlieg totdat hulle gekom het waar 'n gesin hase besig was om aan gras te peusel.

"Goeie more!" het Goldie-wings gesê. "Ek veronderstel julle kon ons nie vertel van enige goeie huise wat verkoop word nie? Ons s'n was so pas deur 'n boer gepluk, en gaan gaar gemaak word. So ons wil 'n ander een hê."

"Nee," het die pa haas gesê en het so hard gedink dat sy ore skeef getrek het. "Nee - ek weet van geen huis wat verkoop word nie."




"Maar ek doen egter! " het een van die hasies gesê. "Jy ken ons neef, wat in die hok in die tuin daar oorkant bly, nie waar nie? Wel, hy het my vertel van 'n pragtige huisie, met vensters en deure en meubels en alles, in die kinderkamer daar. Hoekom kyk die feetjies nie of dit te koop is nie? "



"Dit is 'n goeie idee," het Gossamer gesê. "Maar wag 'n bietjie! Dit sou nooit vir die kinders of enigiemand deug om ons te sien nie. Wel, ons word dalk gevang en in 'n hok of iets gesit!"


"Ag, jy hoef nie daarvoor bang te wees nie," het die pa-haas dadelik gesê. "Die kinderkamer behoort aan Jonathan en Lucy, twee kinders wat nie in feetjies glo nie. So jy sal heel veilig daar wees, want, soos jy baie goed weet, kan mense wat nie in feetjies glo nie hulle nie sien nie al is hulle onder hul neus."



"O, dis goed," het Tiptap gesê. "Kom julle saam met ons — ons sal hierdie lieflike huis gaan soek."



Die nege feetjies het almal weg getrek en gou na die huis gegaan. Hulle het geweet waar die kinderkamer se venster was, want dit het tralies daar oor gehad.



Hulle het opgevlieg en op die vensterbank gaan staan om in te loer. Daar was niemand in die kinderkamer nie.

Die venster was aan die onderkant oop. Die feetjies gly in en vlieg af na die kinderkamer vloer.



Hulle het om hulle gekyk. Waar was die wonderlike huis waarvan die hase hulle vertel het?


"Daar is dit! Daar in die hoek!" het Goldie-wings verheug gegil.



So was dit — 'n pragtige pienk pophuis met 'n pienk dak, 'n piepklein koper klopper, 'n posbussie, mooi raam vensters en pienk gordyne! Wonderlik!

Die nege feetjies het daarheen gehardloop en het gepiep van blydschap.

"Ek wonder of iemand anders hier woon," het Twinkles gesê en sy het aan die deur geklop. Die feetjies het voetstappe gehoor nader kom en die deur het oop gegaan.



'n Poppie, nie veel groter as hulleself nie, het verstom na hulle gekyk.

"O," het Tiptap gesê, "ons het gedink hierdie huis was leeg."

"Nee, ek bly hier," het die klein poppie gesê, wat soos 'n dogtertjie aangetrek was. "Maar dit is verskriklik eensaam om hier alleen te woon.

Ek was verbaas om iemand te hoor aan my deur klop."



"Ons het eintlik kom kyk of die huis te koop is," het Goldie-wings gesê. "Ons huis is vandag gepluk - dit was 'n groot sampioen, jy sien - so ons soek 'n ander een."

"Hierdie huis is nie te koop nie," het die klein poppie gesê. "Dit behoort aan Jonathan en Lucy, twee kinders. Maar kom in. Ek sou graag wou hê dat julle by my kom woon, net as jy dink daar is genoeg plek."



Al die feetjies het by die deurtjie ingegaan. Hulle het van blydschap geskree om die pragtige vertrekke en deftige meubels oral te sien. Daar was drie slaapkamers, 'n sitkamer met 'n klavier, 'n eetkamer en 'n mooi kombuis met 'n stooftjie.

"Dit is perfek - dit is perfek!" het die feetjies uit geroep. "Daar is genoeg beddens vir ons, want daar is twee beddens in elke kamer - dit is ses. Ons kan maklik twee in 'n bed kry, so daar is meer as genoeg beddens, ons tel een vir jou ook, klein pop."



"My naam is Belinda," het die pop gesê. "Kom woon hier. Dink net aan die pret wat ons saam gaan hê—die kos maak op die stoof—die speletjies van *snap* en slangetjies en lere in die aand as die kinders in die bed is—die pret wat ons saam gaan hê in die huis en die skoon maak van die huis—die partytjies wat ons sal hou vir al die speelgoed! "

"Welkom! " het die feetjies gesê, en hulle het plegtig hand geskud met Belinda, wie se oë so geblink het van vreugde.



"Jy hoef nie bang te wees om gesien te word nie," het Belinda gesê, "want alhoewel hier twee kinders is, glo hulle nie in feetjies nie. Is julle nie gelukkig nie! Hulle kan julle nie sien as hulle nie in jou glo nie, soos julle weet."



Hulle het probeer om toffie op die klein kombuis stoof te kook, en dit het so lekker geruik dat die spookpop, die teddie beer en die klokwerk muis almal aan die voordeur kom klop het om te kyk of hulle dalk net 'n stukkie kon proe.



Nou ja, dit het nie lank gevat vir die nege feetjies om saam met Belinda in die pophuis te bly nie. Hulle het pret gehad om hul bedjies te kies en dit op te maak! Hulle het elke laai in die kiste oop gemaak en gekies watter een elkeen van hulle sou hê.



Belinda was baie gelukkig. Sy was voorheen so eensaam, maar nou het sy heeldag en heelnag geselskap gehad. Die feetjies was altyd baie besig om in en uit te gaan, aan die voordeur te klop, te kook, beddens op te maak, skoon te maak, 'n partytjie te hou, of het toertjies met mekaar gespeel.



Belinda was eers half bang dat die twee kinders die
feetjies sou sien, toe hulle in die kinderkamer in
gekom het om te speel.



Belinda het styf in haar stoel gaan sit toe Jonathan ingekom het, en toe Lucy die pophuis se deur oop gemaak het en in gekyk het, het sy Belinda net soos gewoonlik sien stil sit.



Maar sy het nie gesien hoe besig die nege feetjies om die huis was nie. Sy het nie gesien hoe Goldie-wings die kombuis vloer geskrop het nie. Sy het nie vir Gossamer in die sit kamertjie gesien klavier speel nie. Sy het nie gesien hoe Twinkles en Tiptap weg kruipertjie in die slaapkamers gespeel het nie.



Ag, maar Lucy was verstom oor sommige dinge wat sy gesien het! Sy kon nie dink wie die stoof gepolitoer het totdat dit geskyn het nie. Sy kon nie dink wie die gordyne by die vensters gewas het nie. Sy kon nie dink wie die horlosie teen die muur gesit het nie. Dit was alles mees geheimsinnig.



En toe kom daar eendag iemand om tee te drink. Dit was 'n vriendin van Lucy, genaamd Mirabel.



Sy het in feetjies geglo - en sodra Lucy die voorkant van die poppe huis oop gemaak het, het Mirabel die feetjies gesien!

"O!" het sy met opgewondenheid uit geroep, "feetjies! Jy het feetjies wat saam met Belinda in jou pophuis woon! Kyk!"



Maar selfs terwyl Lucy hulle probeer sien het, het hulle weggekrui, en gou kon nie eers Mirabel hulle gesien het nie.



Hulle het by die agter deur uitgeglip en by die boekrak agter in gespring en het tussen die boeke weg gekruip.



"Jy is 'n storieverteller, Mirabel!" het Lucy gesê. "Ek sal glo daar is feetjies as jy vir my een vang en vir my een wys. Ek glo glad nie in feetjies nie."

"Wel, dan is dit nie goed dat ek vir jou een vang nie, want jy sou dit nie kan sien as ek een het nie," het Mirabel gesê, en sy het nie 'n enkele woord meer gesê nie, alhoewel sy nie kon help om te wonder waar die nege feetjies gegaan het nie.



Hulle almal bly nog in die pophuis, en Belinda weet nie wat sy nou sonder hulle sou doen nie.

Wat Jonathan en Lucy betref, hulle het nie een van hulle gesien nie en hulle sal nooit; maar as jy toevallig met Lucy gaan speel, maak haar pophuis oop en loer binne. Jy sal verbaas wees om daardie klein, helder oë feetjies te sien!

Die Einde





THINK
DIGITAL ACADEMY